# Die Matie

1982 VERKIESINGSUITGAWE

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXVIII Nr.9

VRYDAG, 27 AUGUSTUS 1982


## Aspirant SR-lede



*AGTER, v.l.n.r.: Cecil Murray, Christo van Heerden, Eduard Albertyn, Herman Marais; middel: Arnold Smit, Johan Rademan, Anton Smith, Nelis van Rensburg; voor: Deon Rossouw, Chris Jones, Cora Gerber, Braam Hanekom, Hendrik Verwoerd. Inlas: Kobus du Toit Bosman, Philip Meyer.*

# Nuwe SR verkies - ken jy die kandidate?

deur Stephan Spies, SR-voorsitter

AUGUSTUS en September is bekend vir verandering. Verandering in die seisoen, in die natuur en, helaas, ook 'n verandering in kampusleiers. Lentetyd is liefdetyd én verkiesingstyd. In verenigings, huiskomitees, Studenteparlement en Studenteraad verwissel leiers in hierdie tyd. Vir sommige studente is dit 'n tydperk van vreugde, vir ander 'n tydperk van leed.

'n Mens hoor soms studente dié vraag stel: "Waarom moet ek weet wie my Studenteraad is?" of "Ek stem tog nie vir die SR-lede nie, waarom moet ek weet wie die kandidate is en waarom is dit mý verantwoordelikheid om te sorg dat die regte persone op die Studenteraad kom?"

Ek is seker dat hierdie vraag, veral in die verkiesingstyd, by u opgekom het! Kom ons kyk 'n bietjie wie u Studenteraad is en wat hulle doen.

Hulle is die leierskorps op die kampus deur wie u u probleme by die owerhede kan stel. Dit is dan ook hul taak om u daar te verteenwoordig. As hulle swak leiers is, ly u daaronder, want 'n swak leier is nie in staat tot effektiewe verteenwoordiging of bedinging nie. Hoe beter u leiers, hoe beter word u saak gestel en omgekeerd.

U vertrou verder vir 'n jaar lank die aktiwiteite van u kampus aan hulle toe. Van die meeste van hierdie aktiwiteite is u nie eens bewus nie. Soms aanvaar studente dit as vanselfsprekend dat daar musiek in Neelsie is, elke 2 weke 'n Matie verskyn, karnaval gehou word, verenigingsaktiwiteite gekoördineer is, seminare oor akteule onderwerpe gehou word, Intervarsity goed georganiseer word en 'n bedrag van R100 000 per jaar effektief bestee word, en vele meer.

Kan u uself voorstel dat mense wat nie daartoe in staat is nie hierdie ampte moet beklee. Die van u wat al 'n tydjie op die kampus is, weet wat gebeur as verkeerde persone verkeerde posisies beklee.

Dit is in u belang en in Stellenbosch se belang dat u moet sorg dat bekwame persone tot die Studenteraad verkies word. Stellenbosch staan vir sekere waardes, uniek aan hierdie kampus, en die leiers moet daardie waardes kan handhaaf en verteenwoordig.

Wat behoort u aandeel te wees?

In hierdie verkiesingsuitgawe vind u 'n aantal kandidate wat hulle bereid verklaar om u as studenteleiers te dien. Dit is 'n verantwoordelikheid om hulle te keur, om seker te maak dat hulle daartoe in staat is. U kan dit doen deur aan hulle vrae te stel op 'n geleentheid wat spesiaal vir u daarvoor gereël is: Dinsdagaand 31 Augustus 1982 om 19h30 in die D.F. Malan.

Ons noem hierdie geleentheid die Sirkus, omdat dit nie net 'n ernstige geleentheid is nie, maar tradisioneel gekenmerk word deur kwinkslae, grappe en vele meer.

Stellenbosch was nog altyd bevoorreg om 'n sterk studente-leierskorps te kan hê. Baie faktore het hiertoe bygedra waarvan die belangrikste die aandeel is wat u as student gespeel het om u leiers te keur. Ook vanjaar is dit u verantwoordelikheid.

## SIRKUS
## Dinsdag
## 31 Augustus
## 19h30
## D.F. MALAN

Doel: om lede van die studente-unie & S.P. geleentheid te gee om vrae te stel aan SR-kandidate.

## Augustus bring verkiesings

deur Tielman Roos

AUGUSTUSMAAND, die verkiesingsmaand op US, is so te sê verby. Wat wél nog voorlê is die SR-sirkus eerskomende Dinsdagaand. Maar eers 'n oorsigtelike terugblik oor die afgelope SP-verkiesing:

Die SP-lede wat op die twaalfde Augustus verkies is, is reeds aan almal bekend (sien vorige *Matie*). Daarna is deur middel van die buitengewone nominasie 'n verdere agt lede op die nuutverkose SP se eerste vergadering verkies.

Die 8 kandidate wat die meeste stemme op hulle kon verenig (Stemtotale tussen hakies) was: Cornelia D. Gerber (46), Panayiotis Stais (45), Braam Hanekom (44), Jakobus P. du toit Bosman (42), Hendrik F. Verwoerd (41), Christo van Heerden (38), Philippus S. Meyer (37) en Vanessa A. Geldenhuys (18).

Die 44 SP-verteenwoordigers van die kiesafdelings op die Stellenbosch-kampus, die 7 lede van Tygerberg-kampus, 1 lid van die Militêre Akademie op Saldanha plus die bogenoemde 8 buitengewoongenomineerdes bring dus die SP op sy totaal van 60 lede te staan.

Dit wat betref die nuwe Studenteparlement. Die nuwe SR moet egter nog verkies word; hier volg meer daaroor.

Daar is 15 kandidate vir die SR genomineer. Die doel van hierdie spesiale Verkiesings-Matie is om dié SR-kandidate aan elke lid van die Studente-unie bekend te stel. Deur nou die kandidate se deelname, beleid, en dies meer na te gaan, kan u Dinsdagaand voorbereid na die Sirkus kom. Daar sal u die geleentheid kry om met vraestelling u SR-kandidate te toets — hul keuring rus ook grotendeels op u skouers.

Ná die voorstelling van die kandidate sal die SP die SR met geslote stembriewe verkies, die stembuskomitee sal die stemme so gou moontlik tel en die uitslag dadelik bekend maak. Nadat die uitvoerende komitee van die SR op Donderdag verkies is, lê die 1982/83-termyn oop voor die nuwe Studenteparlement en Studenteraad.



*DIE stembuskomitee wat vanjaar se verkiesing hanteer is v.l.n.r. Tielman Roos (voorsitter), Merieke van der Walt, Ian Wiegman, Klasie Dijkstra, Karen Vogel en Piet Smit.*

## Wysigingsmosie


'n AANTAL wysigings aan die grondwet van die Studente-unie word aangevra in 'n mosie van mnre. Nick Barnardt en Panayiotis Stais wat op Dinsdagaand se monstervergadering vir goedkeuring voorgelê gaan word.

Die voorstelle behels kortliks die volgende:

1. Die vereiste aantal SP-vergaderings word verminder van twaalf tot agt per jaar, en die vereiste vir 'n kworum word verlaag na twee derdes van die aantal SP-lede.
2. Die SR word gemagtig om sy reglemente op eie inisiatief te wysig.
3. Die agt "buitengewone" kandidate wat tot die SP verkies word, moet enige 85 handtekeninge uit die Studente-unie vir hulle nominasies kan gebruik, en moet dus nie as verteenwoordigers van spesifieke kiesafdelings beskou word nie. Die SP self, wat hierdie agt lede kies, moet eerder as hulle kiesafdelings beskou word.
4. Enige nuutverkose studenteraad moet eers in werking kom nadat hy 'n uitvoerende komitee verkies het.

Hierdie voorstelle behels nie ingrypende verandering in die huidige stelsel nie. Dit is gerig op die beter en meer sinvolle werking van die SP en die SR binne die bestaande raamwerk. Mnr. Barnardt het gesê dat die veranderinge tog noodsaaklik is om probleme uit te skakel wat in die verlede na vore gekom het, en het die hoop uitgespreek dat genoeg (dit wil sê meer as 1 000) studente die SR-sirkus sal bywoon om die monstervergadering se besluite geldig te maak. Die voorstelle geniet die eenparige goedkeuring van die Studenteraad. Eerstejaars geniet volle stemreg by die monstervergadering.

# ..Kandidate...Kandidate..



## Eduard Albertyn

**VOORSTELLER:** Vicci Schoeman

**SEKONDANTE:** G.J. Rossouw, A.R. Hanekom, S. Potgieter, J.A. Marais.

**ONDERVINDING:**

1980:
ASVS Redenaarskompetisie Wenner
US O.19 Rugby

1981:
Simonsberg Besprekingsvereniging-bestuur
*Die Simonsberger* Redaksielid
*Die Stellenbosse Student* Redaksielid
US Intervarsitykomiteelid
US Debatsbestuurlid

1982:
Simonsberg SP-lid
US Debatsvereniging Voorsitter
US Intervarsitykomitee Konvenor

**BELEID:**

Ek sien die rol van 'n SR-lid as tweeledig van aard, nl. leidinggewend en administratief. Die SR-lid het 'n baie belangrike administratiewe funksie. In sy toegewysde portefeulje moet hy met die nodige inisiatief sy werk verrig en 'n diens probeer lewer aan die studente van Stellenbosch. Tweedens het die SR-lid 'n leidinggewende rol om te vertolk. Hy moet as verteenwoordiger van die Universiteit en sy studente die nodige leiding ten opsigte van huishoudelike aangeleenthede op 'n verantwoordelike wyse gee. Die nodige leiding op politieke gebied moet ook gegee word. Die tyd dat studente hulle kon onttrek aan die problematiek van Suid-Afrika is lankal iets van die verlede.

Indien ek as SR-lid verkies word, sal ek as Christen en met die hulp van Bo na die beste van my vermoë daarna strewe om die Universiteit en sy studente te dien. Ek sal, met inagneming van die Universiteit se besondere karakter, probeer om op 'n verantwoordelike en nugtere wyse leiding te gee.

## Kobus Bosman

**VOORSTELLER:** G.J. Rossouw.

**SEKONDANTE:** N. Barnardt, J. Woest, G. Barnard.

**ONDERVINDING:**


1974—75:
Voorsitter Pieke Eerstejaarkomitee
Sub-komitee Lid Karnavalkomitee
Kongreskomitelid
AIESEC Dir. Publikasies en Bemarking

1975—76:
Karnavalkomiteelid
Voorsitter Pieke Juniorbestuur
Lid van US JBB
Redaksielid *Die Matie*
Redaksielid *Stellenbosse Student*
Lid van Studentevariakomitee
HK-lid Pieke.

1976—79:
Studies tydelik onderbreek.

1980—81:
Stembuskomiteelid
Karnavalkomiteelid.

1981—82:
Voorsitter Karnavalkomitee
Voorsitter en Stigterslid Ontwikkelingsaksie US
SP-lid vir Pieke
SSD Afgevaardigde na kamp in Maart -



**BELEID:**

Verkiesing tot die Studenteraad sal my in staat stel om onder andere aandag aan die volgende aspekte te gee:

(1) Die afronding en vestiging van nuwe benaderings jeens Karnaval en USKOR.

(2) Om aan opkomende studenteleiers en belangstellendes opleiding deur professioneel gerigte besigheidskoling te verskaf.

(3) Die bevordering van 'n gunstige klimaat vir meer omvattende verantwoordelike debatte tussen studente met uiteenlopende standpunte.

Dit sal 'n voorreg wees om u belange te verteenwoordig deur uitvoering aan bogenoemde te gee.

## Cora Gerber

**VOORSTELLER:** Chris Jones.

**SEKONDANTE:** P. Lombard, S. Hauptfleish, P. Bosch, A. Smit.

**ONDERVINDING:**

1978—80:
Universiteit van Pretoria

1981:
ACSV Kringleidster
US Netbal

1982:
Erica Huiskomitee
SP
SP Bestuurskomitee
Voorsitter Onthaalkomitee



**BELEID:**

Ek glo aan die sukses en potensiaal van die stelsel van studenteverteenwoordiging op Stellenbosch. Omdat dit in die eerste plek om dienslewering gaan, moet SR-portefeuljes deur effektiewe administrasie in die belang van die Studente-unie tot 'n maksimum benut word. Hoewel ons as studente ons in 'n gemeenskap van ons eie bevind, mag ons ons ook nie aan die vraagstukke van die breër samelewing onttrek nie. Hierin het die SP en SR 'n plig tot leidinggewing en verteenwoordiging. Ek glo dat die opvoeding aan 'n universiteit slegs gedeeltelik akademies van aard is. Studente moet by studenteaangeleenthede op die terreine van hul voorkeur betrokke wees en hul betrokkenheid geniet. Dit is jammer dat die vroulike Stellenbosse student tradisioneel as oningelig en onbetrokke beskou word. Ons behoort ons kennis en ondervinding te deel en tot voordeel van die studentegemeenskap as geheel aan te wend. Ek meen dat dames 'n belangrike en sinvolle bydrae tot studenteleierskap op kampusvlak kan en behoort te lewer. In dit alles glo ek dat 'n Christelike lewensbeskouing as grondslag moet dien.

## Braam Hanekom



**VOORSTELLER:** P. Stais.

**SEKONDANTE:** P. Bosch, N. van der Merwe, S. Hauptfleisch, W. van Huyssteen.

**ONDERVINDING:**

1979:
Tweedejaarsleier Dagbreek
Lid Junior Breëbestuur
CSV Kringleier

1980:
Dagbreek Huiskomitee
Raadgewer
Tesourier Berg- en Toerklub
Afgevaardigde SSD
CSV Kringleier

1981:
Dagbreek Huiskomitee
Raadgewer
Ondervoorsitter Berg- en Toerklub
Lid US-Gesprekskomitee

1982:
Dagbreek Huiskomitee
Raadgewer
Studenteraadslid
Voorsitter Sangfeeskomitee
Ondervoorsitter Komitee vir Politieke Studies
Ondervoorsitter Inter-universitêre Sake
Afgevaardigde SSD

**BELEID:**

Hiermee verklaar ek my bereid dat, indien ek tot die Studenteraad verkies sou word, ek die belange van die Universiteit van Stellenbosch na die beste van my vermoë sou beskerm en bevorder deur alle verantwoordelikhede en pligte wat my opgelê sou word, getrou en na die beste van my vermoë uit te voer.

Na my mening kan 'n Studenteraad slegs met selfvertroue en sukses studentepolitiek bedryf indien hy hom bevind in 'n situasie waar hy met 'n eerlike gemoed kan sê dat hy op administratiewe vlak alles moontlik gedoen het om sy studente-unie 'n gelukkige en goedgeorganiseerde jaar te waarborg. Ek glo dat 'n mens nie gesonde politiek kan bedryf indien jou administrasie deurmekaar is nie. Vir sodanige dissipline en balans sou ek my graag wou beywer met die vertroue dat ek vir die suksesvolle hantering van my portefeulje die nodige inisiatief, geesdrif en motivering sal put uit my verhouding tot Jesus Christus in wie alle wysheid, insig en krag te vinde is.

## Chris Jones

**VOORSTELLER:** Braam Hanekom.

**SEKONDANTE:** P. Bosch, S. Hauptfleisch, J.H. Theron, I. Lunnon.

**ONDERVINDING:**

1979:
ASVS Bestuur
Stranddiensleier

1980:
Dagbreek Huiskomitee
ASVS Bestuur
KJA Kringleier

1981:
Dagbreek Onder-Primarius
Ondervoorsitter ASVS
SSD afgevaardigde

1982:
Dagbreek Primarius
Sekretaris Prim.-komitee
Lid van SP
SSD Afgevaardigde
Voorsitter Dagbreek Krieketkomitee



**BELEID:**

Die SR se taak is dienslewering aan die studente. Dit kan bereik word deur doeltreffende administrasie en die volle ontginning van die potensiaal van elke portefeulje in die SR. Effektiewe skakeling met ander kampusse is belangrik om sodoende wedersydse begrip te verseker. Indien ek verkies word, sal ek my hiervoor beywer.

## Herman Marais



**VOORSTELLER:** Hendrik Verwoerd.

**SEKONDANTE:** K. du Toit Bosman, T. Middleton, W. van Huyssteen, J. Woest.

**ONDERVINDING:**

1980:
Redaksielid *Die Pieke*

1981:
Redakteur *Die Pieke* (Wennersblad: Cape Times-trofee)
Tesourier ASVS
Kuesta Interuniversitêre Kunsfees: reëlingskomiteelid
Sekretaris Pieke-Juniorbestuur
Diaken Moedergemeente

1982:
Onder-primarius van Pieke
Lid Pieke HK-Uitvoerende Komitee
Diaken Moedergemeente

**BELEID:**

Ek beskou die Studenteraad as

..Kandidate...Kandidate..

# ..Kandidate...Kandidate..

die uitvoerende arm van die SP en as verteenwoordiger van die studente-unie na buite. Dit sal vir my 'n voorreg wees om langs hierdie weg te mag dien.

Ek onderneem om die verantwoordelikhede wat met hierdie voorreg gepaard gaan, naamlik doeltreffende administrasie en verantwoordelike leidinggewing, stiptelik en met ywer na te kom en om Stellenbosch se belange te alle tye op die hart te dra.

As Studenteraadslid sou my primêre funksie wees om diens te lewer, nie om my posisie vir 'n politieke forum te gebruik nie. Indien die geleentheid hom wel sou voordoen om 'n positiewe bydrae tot die politieke debat te maak, wil ek dit binne SP-verband en op 'n deeglik verantwoorde nie-partypolitieke basis doen.

Ek wil graag 'n bydrae op kulturele gebied maak, maar is bereid om in enige portefeulje my beste te lewer.

Ek vra die geleentheid om u te dien.

## Phillip Meyer



**VOORSTELLER:** Jaco Oliver.

**SEKONDANTE:** J. Woest, N. Myburgh, H. Botha.

**ONDERVINDING:**

1979—1980:
Leier ACSV Stranddiensspan
Lid van Ingenieurs-Studenteraad
Lid van Intervarsitykomitee

1980—81:
Lid van SAFUIS Presidensiële Groep

1981—82:
SAFUIS President,
SAFUIS Verteenwoordiger by FVPI

1982—1983:
SAFUIS President

**BELEID:**

Hiermee stel ek my verkiesbaar as kandidaat en wel om die volgende redes: In die eerste plek sal ek graag op Stellenbosch wil terugploeg die ondervinding wat ek die afgelope paar jaar op 'n verskeidenheid van terreine opgedoen het. Tweedens sou ek ook 'n wyer verteenwoordiging van die studente-unie wou sien. Ek stel my dit dan ten doel om na die beste van my vermoë:

(1) die studente van Stellenbosch te verteenwoordig, en
(2) deur middel van my skakeling met ander kampusse kontak op inter-universitêre studentevlak te bevorder.

## Cecil Murray



**VOORSTELLER:** Panayiotis Stais

**SEKONDANTE:** N. Barnardt, C. Gerber, H. Botha.

**ONDERVINDING:**

1980:
Helshoogte Eerstejaarleier

1981:
Studentediaken Church of England
Helshoogte Huiskomitee (Lid van die Uitvoerende Komitee)
Helshoogte Rugbykomitee

1982:
Studenteparlement
Lid van die Komitee vir Politieke Studies

**BELEID:**

Die nuwe SP/SR-stelsel is vanjaar bewys as 'n bedeling wat vele opwindende uitdagings vir studenteleiding bied omdat dit op breë verteenwoordiging van die studente-unie berus. Ek verwelkom die nuwe voorstelle wat voorsiening maak vir groter betrokkenheid van SP-lede by Studenteraadsaktiwiteite, omdat ek van mening is dat die Studenteparlement nie net 'n forum vir debat moet wees nie, maar ook 'n diensliggaam. Ek sien die SR toenemend as 'n liggaam wat eerstens na die doeltreffende administrasie van die SR-portefeuljes moet omsien. Studenteraadslede kan egter steeds met vrug voortgaan om, soos in die pas afgelope termyn, die leiding te neem in die Studenteparlement, veral wat betref politieke aangeleenthede.

Ek sou my verder beywer vir meer positiewe wedersydse gesindhede tussen studente, en veral tussen studenteleiers van verskillende oortuigings op die kampus. Meer opregte en openhartige kontak tussen groepe is noodsaaklik om ons in staat te stel om meningsverskille konstruktief te hanteer.

Wat politieke aangeleenthede betref is ek, ná my ondervinding op die Komitee vir Politieke Studies, daarvan oortuig dat ons meer aandag moet gee aan politieke gebeure en vooruitsigte in Afrika en die implikasies daarvan vir Suid-Afrika. Hierdie dimensie van ons politiek kan sinvol nagevors word binne die raamwerk van die SP se Politieke Verklaring vroeër vanjaar.

Ek verklaar my hiermee bereid om die Studente-unie eerlik en geesdriftig te dien, en om die hoogste belange van die Universiteit altyd voorop te stel.

## Johan Rademan

**VOORSTELLER:** Vicci Schoeman

**SEKONDANTE:** G.J. Rossouw, A. Smit, H. Prinsloo, D. Junius.

**ONDERVINDING:**


1980—82:
Wilgenhof Bybelverspreidingtoer (Regisseur)
USAT-Regisseur
Sportverslaggewer *Die Matie*
Radio Matie Omroeper Eksterne Nuus
Intervarsity Nuusdekking
TWR Omroeper
Programorganiseerder Christelike Visie
Studenteparlement (1981/82; 1982/83)

**BELEID:**


Ek verklaar dat as ek tot die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch verkies word:
(1) Ek die belange van die studente-unie te alle tye op die hart sal dra by wyse van die identifisering van behoeftes, probleme en voorkeure. Ek sal daarna strewe om bogenoemde op 'n akademies-wetenskaplike wyse te benader.



(2) Ek sal poog om objektief te bly in alle besluitnemings ten spyte van faksie-vorming en vrye groeperings op die kampus, ten einde die unieke en onvervreembare karakter van die Universiteit van Stelelnbosch in stand te hou.
(3) Ek veral aandag sal skenk aan die kulturele behoeftes en uitinge daarvan deur groter betrokkenheid aan te wakker onder lede van die studente-unie.
(4) Ek in geen besluit my Christelike gewete en beginsels kan verkrag nie en my hoogste trou steeds by die Skepper is.




## Deon Rossouw



**VOORSTELLER:** Niël van der Merwe.

**SEKONDANTE:** S. Hauptfleisch, C. Gerber, N. Barnardt, A. Smit.

**ONDERVINDING:**

1978:
Verslaggewer *Die Matie*

1979:
Nuusredakteur *Dinamiek*
Reklame vir Atlete vir Christus

1980: Nuusredakteur *Dinamiek*
Algemene Redakteur *Stellenbosse Student*
Admissiebondbestuur
Behaal B.S. (Admissie) Graad

1981:
Hoofredakteur *Stellenbosse Student*
Leier Atlete vir Christus
Behaal B.A. (Hon.) Filosofie (Cum Laude)

1982:
Lid van SR belas met Verenigings en Publikasies
Lid van Ad Hoc Komitee vir Politieke Studies na toelatingsvereistes van US
Dagbreekhuiskomitee

**BELEID:**

Ek stel myself beskikbaar vir die SR ten einde diens aan die studente-unie te lewer.

Aangesien die SR hoofsaaklik 'n Administratiewe liggaam is, sal ek my beleid bloot op administratiewe vlak uitspel.

Ek beskou die skoling van die SR en alle studenteleiers as baie belangrik en sal my daarvoor beywer.

Ek glo dat die sukses van 'n SR bepaal word deur die mate waarin hy administratief effektief en verbeeldingryk is. Effektiewe beplanning, uitvoering en terugvoering sal daarom hoë prioriteit geniet. Laastens sal ek my beywer vir goeie skakeling tussen die SR en die SP, studente-unie en Universiteitsowerhede.

## Arnold Smit

**VOORSTELLER:** Deon Rossouw.

**SEKONDANTE:** Niël van der Merwe, John le Roux, Tessa Middelton, Piet Bosch.

**ONDERVINDING:**

1979:
Admissiebondbestuurslid
Ass.-Hoofredakteur van *Stimulus* (publikasie van die ASVS)

1980:
Dagbreek Huiskomitee
Sekretaris van die Admissiebond
Leier van die Pongola Evangelisasie-aksie

1981:
Voorsitter van die Admissiebond
Ondervoorsitter van die Sielkundevereniging
Dagbreek Huiskomitee

1982:
Sekretaris van die Studente-KJA
Dagbreek Huiskomitee
Lid van die Verenigingskomitee van die SR

**BELEID:**

Die sukses van 'n Studenteraad word grootliks deur deeglike administrasie, verantwoordelike standpuntinname en geloof in die potensiaal van die studentegemeenskap bepaal. Dit is die Studenteraad se vernaamste taak om die belange van ons studentegemeenskap te behartig en voordele vir hulle te beding. Dit is alleen moontlik deur effektiewe administrasie, harde pligsgetroue werk en 'n gesindheid van onbaatsugtige dienslewering. Hiertoe verbind ek my graag. Verantwoordelike, beredeneerde en ewewigtige standpuntinname is deel van Stellenbosch se tradisie. Die Studenteraad het hierin 'n verantwoordelikheid om geleenthede te skep waartydens ons studenteleierskorps aan die politieke debat van ons dag kan deelneem. Hiermee hang ook ten nouste saam die bydrae wat Stellenbosch landswyd kan lewer in die soeke na oplossings vir ons samelewingsprobleme matiek. Na volgehoue betrokkenheid by die verenigingslewe glo ek dat Stellenbosch 'n studentegemeenskap met baie potensiaal het. Ek sal my graag daarvoor beywer om die ondervinding wat ek gedurende die afgelope vier jaar opgedoen het, tot voordeel van ons verenigingslewe aan te wend.



..Kandidate...Kandidate..

# ..Kandidate...Kandidate..

## Anton Smith



**VOORSTELLER:** Chris Jones.

**SEKONDANTE:** H. Verwoerd, T. Middleton, L. van der Watt, B. de Wet.

**ONDERVINDING:**

1980:
Radio Matie Hoofomroeper
Assistent-Direkteur Radio Matie
Universiteitskoor

1981:
Radio Matie Hoofomroeper
Assistent-Direkteur Radio Matie
CSV Kringleier

1982:
Radio Matie Direkteur
SP Oude Molen
Primarius Crozierhuis
Oude Molen HK
Studente Oorlegkomitee Voorsitter (Dept.)
Diaken NG-Kerk Sentraal
USAT Bestuurslid (Dept. verteenwoordiger)
SSD-afgevaardigde
Stellenbosse Boys

**BELEID:**

Hiermee verklaar ek my verkiesbaar tot die SR en beloof om, indien u my daartoe verkies:
(1) die Studente-unie te dien soos wat God, my gewete en die Studente-unie van my verwag,
(2) my dit ten doel te stel om, tesame met my mede SR-lede, die SP en SR verder te stimuleer om 'n interpersoonlike akademies-wetenskaplike gesprek te voer rondom die sake van die dag rakende die studente-unie, en by alle besluitnemings die belange van die Studente-unie voorop te stel,
(3) my nie te veel laat beïnvloed deur radikale politieke beskouings nie, hetsy van links of regs. Die SR is nie 'n politieke platform wat 'n bepaalde dogma propageer nie, en ek sal poog om die beginsel behoue te laat bly,
(4) my daarvoor te beywer om die administratiewe noodsaaklikheid wat die SR moet verrig na die beste van my vermoë uit te voer en ontwikkel, en
(5) te poog om voort te bou op wat reeds met Radio Matie bereik is en die stasie te ontwikkel tot 'n erkende onmiddellik-doeltreffende kommunikasiemedium wat totaal in diens van die studente-unie staan. Ek het die Universiteit van Stellenbosch die afgelope paar jaar gedien, waartydens my diensbaarheid geslyp is, en daarom het ek nou die vrymoedigheid om van u 'n kans te vra om u op 'n gespesialiseerde wyde en na die beste van my vermoë te dien.

## Christo van Heerden

**VOORSTELLER:** A.J. Smith

**SEKONDANTE:** W. van Huyssteen, A.R. Hanekom, T. Middleton, L. van der Watt.

**ONDERVINDING:**

1979:
Eerstejaarleier van Hombré
ACSV kringleier

1980:
Junior Breëbestuur
Voorsitter Sentrale Stembuskomitee
ACSV kringleier
Studenteparlement
Koshuis-karnavalkomitee

1981:
Admissiebond Ondervoorsitter
ACSV Aksieleier
Sentrale Stembuskomitee
Koshuis-karnavalkomitee

1982:
Primarius Hombré (Bestuurskomitee)
Koshuis-karnavalkomitee
Studenteparlement

**BELEID:**

Vanweë die verskeidenheid van idees en gedagtestrominge is die kampus-situasie redelik vloeibaar. Indien daar verantwoordelik leiding op Stellenbosch geneem wil word, moet daar 'n openheid en nugterheid by die liggaam of persone bestaan wat daardie leiding wil neem. Die situasie word verder gekompliseer deur 'n gebrek aan kommunikasie en koördinasie tussen studenteleiers. As die leidende liggaam glo ek behoort die SR in hierdie opsig inisiatief te neem.

Wat die SR se verhouding met die SP betref glo ek dat die SP meer betrek moet word by die SR-aktiwiteite. Dit kan ook in 'n groot mate kommunikasie en kontinuïteit vergemaklik. Daar moet ook baie meer gemaak word van werkseminare waarin beide die SP en SR betrek is, sodat die SP meer gestalte kan gee aan sy beleidmakende funksie. Daar sal ook 'n openheid aan die dag gelê moet word wat die funksionering van die SP betref. Daar kan aanvaar word dat die SP nog baie groeipype sal deurleef, maar elke verandering moet vordering impliseer.

Ek is heeltemal bewus van my menslike tekortkominge, maar mag God my die krag en die genade skenk om, indien ek gekies word, ook hierdie verantwoordelikheid met helderheid en volharding te dra.



## Nelis van Rensburg

**VOORSTELLER:** Cora Gerber.

**SEKONDANTE:** I. Lunnon, W. van Huyssteen, J.H. Theron, A.R. Hanekom.

**SEKONDANTE:** I. Human, W. van Huyssteen, J.H. Theron, A.R. Hanekom.

**ONDERVINDING:**

1979:
ASVS bestuur
Lid Atlete vir Christus
ACSV Kringleier
NP Bestuur Pappegaaibergtak
Dagbreek Juniorkomitee

1980:
Ondervoorsitter ASVS
Redakteur Dagbreek Koshuiskoerant
Lid Ontspanningskomitee ACSV
Interkoshuis Debat

1981:
Voorsitter ASVS
Lid ASB Hoofbestuur
Voorsitter Keustra Reëlingskomitee
Lid Dagbreek Huiskomitee

1982:
Lid Dagbreek Huiskomitee
Raadgewer
Studente-Parlement

**BELEID:**

Die hooffunksie van die Studenteraad is dienslewering aan die studente-unie. Indien ek tot die Studenteraad verkies word, sal ek alles in my vermoë doen om aan hierdie hooffunksie reg te laat geskied. Die Studenteraad moet in die volle sin van die woord verteenwoordigend optree namens die studente-unie, maar ook die nodige inisiatief en entoesiasme aan die dag lê ten einde effektief leiding te gee. Die Studenteraad kan slegs effektief funksioneer indien die administrasie van die raad van hoogstaande gehalte is. Goeie administrasie is die sleutel tot sukses in die verwesenliking van die volle potensiaal van elke portefeulje. Indien ek tot die Studenteraad verkies word, sal ek my beywer vir 'n gebalanseerde en ewewigtige benadering ten opsigte van alle sake wat die Universiteit raak. Ek sal my beywer om die belange van die Universiteit te bevorder en om ons goeie naam gestand te doen.





## Hendrik Verwoerd

**VOORSTELLER:** P. Stais.

**SEKONDANTE:** J.L. Schoeman, J.A. Marais, J. Woest.

**ONDERVINDING:**


1978:
Lid Pieke-Eerstejaarskomitee
Lid Kerugma-sanggroep

1979:
Voorsitter Pieke Juniorbestuur
Lid Junior Breëbestuur
Lid US-Stembuskomitee
Lid Kerugma

1980:
Lid Pieke-Huiskomitee
SP-lid Pieke
Direkteur Radio Matie
Lid Kerugma

1981:
Primarius Pieke
SR-lid
SP-lid vir Pieke
Ondervoorsitter Opvoedkunde Skakelkomitee
Lid Kerugma

1982:
Sekretaris SR
SP-lid vir Pieke



**BELEID:**

Soos enige ander leiersliggaam het die Studenteraad myns insiens 'n tweeledige funksie: enersyds verteenwoordigend en andersyds leidinggewend. Die beginsel van dienslewering moet die grondslag van hierdie twee aspekte vorm.

Die Studenteraad het namens die studente inspraak tot op die hoogste vlak van die universiteitsowerheid. Deur hierdie kanaal ten volle te benut, sowel as deur doeltreffende en verbeeldingryke administrasie, sal die Studenteraad sy verteenwoordigende funksie deeglik kan vervul.

Deur goed-gefundeerde en ewewigtige meningsvorming in die Studenteparlement sal die Studenteraad eweneens sy leidinggewende funksie deeglik kan vervul.

Indien ek tot die Studenteraad herkies word, sal ek my vir deeglike, suiwer verteenwoordiging en administrasie en sinvolle leierskap beywer.

In alles sal ek die belange van Stellenbosch en sy studente voorop stel.

..Kandidate...Kandidate..